



Gesinne in Harmonie

Volume 8, November 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Liewe Ouers,

Hierdie uitgawe is bietjie vroeg, maar ek vlieg Maandag die 17de Oktober Duitsland toe om by vriende te gaan kuier en gaan nie betyds terug wees om die brief dan aan die begin van November uit te stuur nie.

Terwyl ek besig is om te pak, besef ek weereens hoe belangrik dit is dat ons as ouers ons kinders se tasse vir die lewe moet reg pak.

Dis 'n swaar tas om te pak, want 'n mens moet voorsiening maak vir allerhande soorte weersomstandighede, soos die stormdae, reëndae en ook die sonskyndae.

Sels al is ons as volwassenes al 'n bietjie deur die meule van die lewe, bly dit moeilik om ons kinders leiding te gee en is die taspakkery dikwels 'n gestoei tussen Ma en Pa en kinders oor wat om in te pak.

Ma's wil gewoonlik alles inpak - net vir ingeval!

Pa's wil net die minimum inpak - mens het mos nie nodig om swaar te reis nie.

Kinders wil net die lekker dele inpak, want vir hulle is dit meestal heeldag sonskyn en as die weer gaan verander, sal Pa of Ma mos in elk geval sorg!

Die simboliek van taspak kan werklik nogal deel word van mens se alledaagse toerusting, nie waar nie?

Baie dankie vir die terugvoer wat ek sover gekry het. Julle is welkom om enige tyd bydraes in te stuur of jul gedagtes te deel!

Saam in Sy diens,

Lita

NS: Kontak ons gerus deur middel van die details op die agterblad.

Notas vir die yskas

Kleuterkerk en Junior Kategese in November


- 6 Nov - Werkswinkel
- 13 Nov - Gesamentlike Kinderdiens - Spesiaal vir Ouers en Kinders
- 20 November
 - Afsluiting vir die jaar
- 27 November
 - Kerssangdiens - kinders neem deel en moet reeds om 08:45 op die grasperk by 16de Laan se ingang bymekaarkom
 - Aand = Kerssangdiens spesiaal vir die Jeug en hul families - almal is welkom!

Wat pak jy in as jy op reis gaan?

Eendag is 'n ryk sakeman besig om vir 'n lang reis sy tas te pak.

Een van sy vriende sit by hom in die kamer, want hulle is van plan om saam te ry na die afskeidspartytjie wat by die kantoor gehou word.

Die vriend sê vir die sakeman: "Toe-toe jong, jy moet klaar pak, want ons moet ry!"



Die sakeman antwoord: "Ek is byna klaar gepak.

Ek moet nog net 'n gidsboek, 'n lamp, 'n spieël, 'n mikroskoop, 'n teleskoop, 'n storieboek, 'n digbundel, 'n gebedeboek, 'n pak ou briewe, 'n paar biografieë, 'n liedereboek, 'n geskiedenis-handboek, my internasionale waardeshandleiding, 'n swaard en 'n paar boeke wat ek bestudeer, inpak"

"Maar jy sal nooit al daardie goed in jou tas kry nie!" roep sy vriend uit

"O ja, ek sal", antwoord die sakeman. "Dit neem nie baie plek in beslag nie"

En met hierdie woorde sit hy sy Bybel in sy tas en knip dit toe.

*Die dinge
wat die meeste in die
lewe saakmaak,
moet nooit
uitgelewer word aan
die genade
van daardie dinge wat
die minste tel nie.*

*Johann Wolfgang von
Goethe*

*Of ek reis
en of ek oorbly,
U bepaal dit,
U is met al my
paaie goed bekend*

Psalms 139:3

Manne-Oase

- 2 November 2011-18:30

Sluit gerus aan by ons gemeente se Manne-Oase vir geestelike ondersteuning en deel jou wedervaringe en gedagtes oor die lewe en jou geloof met ander manne soos jy!

*Liefde en trou is die
paaie wat die Here
bewandel met dié wat
sy verbond en
verordeninge bewaar*

Psalms 25:10

Moot Care Sentrum se "Tool Shop vir Ouers"

Hierdie ouerskap "Tool Shops" is 'n lekker byeenkoms waar ouers die gereedskap kry om hulle kinders te verstaan. Dit word gratis aangebied en kinders is ook welkom.

Volgende werkswinkel is op **19 November van 09:00 - 11:00** by die Moot Care Sentrum

Besprekings: Louwna Bouwer: (012) 330 0632 / 071 480 1178 / mootcare@vodamail.co.za





Gesinne in Harmonie

Volume 8, November 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Hoe pak ek my kind se lewenstas?

In die stukkie hieronder word baie waardevolle riglyne gegee. Ek kon nie die outeur opspoor nie, want oral waar ek soek word dit maar as "Author Unknown" aangegee. Maar dat dit iemand met insig was, is nie altemit nie! Ons as ouers kan die pakwerk doen, maar nie die leefwerk nie. Ons kan die saadjies saai, maar die plantjie moet self deur die aarde se oppervlak beur en die son en reën en haelstorms weerstaan. Ons kan wel sorg dat ons ons kinders deurlopend verseker van ons onvoorwaardelike liefde, soos God ons onvoorwaardelik liefhet!

Reflections of a Parent

I gave you life, but cannot live it for you.
I can teach you things, but cannot make you learn.
I can give you directions, but I cannot be there to
lead you.
I can allow you freedom, but I cannot account for it.

I can teach you right from wrong, but I cannot
always decide for you.
I can buy you beautiful clothes, but I cannot make
you beautiful inside.
I can offer you advice, but I cannot accept it for
you.
I can give you love, but I cannot force it upon you.

I can teach you to share,
but I cannot make you unselfish.
I can teach you respect, but I cannot force you to
show honour.
I can advise you about friends,
but I cannot choose them for you.
I can advise you about sex, but I cannot keep you
pure.

I can tell you the facts of life,
but I cannot build your reputation.
I can tell you about drinking,
but I cannot say "no" for you.
I can warn you about drugs,
but I cannot prevent you from using them.
I can tell you about lofty goals,
but I can't achieve them for you.
I can tell you about kindness,
but I cannot force you to be gracious.

I can teach and guide and support you,
but it is your life to grab the
reigns and ride forth into your own destiny.
-Author Unknown

My kind se kosblik

Dit wat ons meestal sien as die maklikste deel van opvoeding, is dié deel waar ons as ouers moet sorg dat ons kinders nie hongerly nie en die regte kos kry om hulle optimaal te laat ontwikkel.

Wat pak jy vir jou seun of dogter in om pouse te eet?

Is dit vir jou ook so 'n kopseer om elke dag te besluit wat om vir jou kind in te pak vir die pouse-kosblik?

Of gee jy sommer net 'n geldjie vir die snoepie?

Daar is baie interessante resepte vir kosblik-idees, maar die meeste van ons kinders is soms so vol fiemies, dat hulle in elk geval nie tevrede is met wat ook al vir hulle ingepak word nie.

Kom ons dink eers 'n bietjie anders hieroor:

Die hongersnood in byvoorbeeld Somalië het die afgelope paar maande baie aandag in die media gekry en daar word regoor die wêreld geld ingesamel om die mense te help.

Het julle geweet dat daar hier naby ons in ons eie skole dikwels ook kinders is wat hongerly en selfs op die skoolgronde flou word?

Kinders wat honger is, kan nie konsentreer nie en dus ook nie leer en ontwikkel nie. Hoe beoefen so 'n kind sport as hy te swak is van die honger?

Wat is ons plig as Christene in 'n gemeente wat omgee?

Het jy al daaraan gedink om 'n ekstra broodjie vir 'n honger kind in te pak en jou eie kind bewus te maak daarvan dat hy of sy moet deel?

Ouers, as julle genoeg in jul huis het om te

Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. T r e e a l t y d toepaslik op

-Anoniem -

eet en nog soms te gaan uiteet, dink gerus daaraan om met jou kind se onderwyser te gaan gesels en te hoor of daar nie so 'n nood by die skool is nie.

Maak dit 'n familieprojek!

Sou dit nie ongelooflik lekker wees om saam met jou kinders ten minste een maal 'n week broodjies vir honger maats voor te berei en dit in die oggend by die skool te gaan aflaai en weet dat jy 'n verskil maak nie?

Terselfdertyd skep dit 'n geleentheid vir julle om as gesin of familie -

- te gesels oor hoe 'n mens vir ander iets kan beteken;
- saam te werk om 'n verskil in ander se lewens te maak

Ons kan net ons kinders van omgee leer as ons self omgee!



Gesinne in Harmonie

Volume 8, November 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



'n Fabel oor jaloerie

'n Fabel is 'n kort storie waarin daar gewoonlik 'n lewensles uitgebeeld word en waarin diere kan praat.

Hierdie een is 'n pragtige voorbeeld van hoe ons 'n abstrakte begrip soos jaloerie aan ons kinders kan verduidelik.

'There is a fable of an eagle who was envious of another eagle that could fly better than he could. One day the jealous eagle saw a hunter with a bow and arrow and said to him, "I wish you would bring down that eagle flying high up there."

The hunter said he would if he had some feathers for his arrow. So the jealous eagle pulled out one of his feathers for the hunter to use on his arrow.

The arrow was shot, but it didn't quite reach the targeted eagle because he was flying too high. That disappointed the jealous eagle so he pulled out another feather, to help propel the hunter's arrows against his opponent. That arrow also missed so the jealous eagle pulled out another feather, then another until he had lost so many of his feathers that he himself couldn't fly.

The hunter saw the weakened and helpless state of the jealous eagle and turned around to kill it instead.'

Net soos hierdie jaloerse arend, is ons baiekeer jaloers op ander wat beter of slimmer of mooier of maerder as ons is. As ons nie oppas nie, kan jaloerie ons ook so verblind dat ons op die ou einde onself onnodig skade aandoen.

Kinders raak maklik jaloers op mekaar - dink maar net aan klere en "brand names". En om van sogenaamde 'boyfriends' en 'girlfriends' nie eens te praat nie!

Ons as ouers het 'n plig teenoor ons kinders om hulle te leer om hul tyd en energie daarin te belê om hul eie karakters op te bou in plaas daarvan om op ander se gawes te konsentreer en jaloers te wees daarop.

As ons op ander konsentreer, mis ons die wonderlike gawes wat God ons gegee het! Elkeen van ons het gawes en talente gekry wat ons tot eer van God kan gebruik en ons moet ons kinders help om hul eie gawes raak te sien en te ontwikkel.

Wat God vir ons beplan is beter as enigiets wat iemand van ons kan wegvat!

Help jou kinders om betrokke te wees by die pak van hul lewenstas deur hulle oë oop te maak vir hul eie gawes en talente.

'Me-time' is noodsaaklik!

Mammas en Pappas, sowel as Oupas en Oumas, het tyd op hul eie nodig!

Ons is almal verskillend gemaak en net soos jy soms jou kinders uitmekaar se hare moet hou, is dit belangrik vir ouers om saam en ook apart van mekaar tyd te spandeer om hul batterye te herlaai.

Verlede Saterdag sit ek en 'n paar vriendinne by 'n teetuin en hier kom 'n Pappa met 'n 'buidelsak' waarin hy sy paar maande-oue dogtertjie dra en kom rustig ontbyt eet.

Dis sy tyd saam met sy dogter, al is sy nog net 'n baba, en dis sy vrou se tyd vir haarself. Julle moes sien hoe hierdie meisiekind haar pa diep in sy oë kyk en die band tussen hulle duidelik vir almal rondom was om te sien!

Wenke:

- Maak 'n afspraak met mekaar soos voor julle troue - regtig, skryf dit in jou dagboek en sit 'n 'reminder' op jou selfoon!
- Manne moet af en toe saam kuier - ja, gaan jag, gaan ry fiets of 4x4 of braai saam of gaan eet 'n lekker stuk steak by Adelaars!
- Vroue moet kosbaar en vertroetel voel om hul batterye te herlaai - bespreek 'n rug- of voetmassering, gaan drink tee saam met jou vriendinne in 'n tuin waar julle rustig kan wees, gaan sit onder die grootste boom waarvan jy weet en krul jou op met 'n lekker outydse Mills & Boon en ontspan!
- Pappas, maak 'n afspraak met jou dogter en wys haar hoe 'n man haar eendag behoort te behandel.
- Mammas, maak 'n afspraak met jou seun en wys hom hoe 'n vrou se kop werk en hoe hy meisies moet behandel.
- Moenie altyd die kinders by Oupa en Ouma aflaaie nie! Hulle het ook 'n pouse nodig. Bedurf hulle met 'n lekker 'stiltetyd-dag' en gee vir hulle 'n geskenkbewys by 'n restaurant of teetuin of selfs by 'n kwekery, afhangende van hulle belangstellings.
- Kry 'n kinderoppasser vir 'n spesifieke tyd om by julle kinders te bly en gaan geniet 'n lekker romantisiese aandjie saam of gaan eet 'n middagete op 'n Saterdag of gaan hou 'n lekker piekniek waar julle kopstukke kan gesels sonder die kinders!

Alleentyd, sowel as saamweestyd, is deesdae nie iets wat ons as vanselfsprekend kan aanvaar nie. Ons lewens is dikwels te besig en oorlaai met verantwoordelikhede.

Skakel bietjie die selfone af en gebruik 'n bietjie stilte om weer by jou familie uit te kom en jou man, vrou, kinders te leer ken.

En bo alles, gebruik spesiale tyd om by God uit te kom!

"When you are a mother, you are never really alone in your thoughts. A mother always has to think twice, once for herself and once for her child."

Sophia Loren

Kosblik-idees en ander resepte op die web

Kyk gerus op hierdie webtuistes om nuwe idees vir jou kind se kosblik te kry:

www.my-easy-cooking.com / www.taste.com.au / www.goodtoknow.co.uk / www.landbou.com

- Kyk hier na toebroodjie-idees geïnspireer deur Hilda van 7de Laan! - [Wille Samies](#)



Gesinne in Harmonie

Volume 8, November 2011
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Boekwurms

Jy is wat jy lees!
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

Fliekvlooi

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

Wenke vir inpak vir vakansie

Die hoeveelheid wat mens gewoonlik inpak, is 'n probleem, en net so die manier hoe ons dit doen.

Die dag as jy regtig moet reis, maak dit vir jouself so gemaklik as moontlik - moenie die hele huis probeer inpak nie!

Dikwels het jy nie strydfasiliteite by jou bestemming nie - of dalk is jy net so allergies vir stryk as jy op vakansie is soos ek!

Baie hang natuurlik af van jou bestemming en die weersomstandighede, so maak seker jy beplan vroegtydig.

**I travel light;
as light, that is, as a man can
travel who will still carry his body
around because of its sentimental
value.**

Christopher Fry

Hier is 'n paar wenke wat mag help as jy nou weer iewers heen reis:

• Skoene eerste!

Kies ten minste een paar skoene of tekkies waarmee jy gemaklik kan reis en een paar wat jy kan aantrek as jy uitgaan.

Onthou dat mens se voete swel as jy lank moet sit, so hou dit in gedagte as jy aantrek vir jou reis.

As jy van plan is om baie te stap, moet jou skoene gemaklik wees - moenie nuwe skoene vir jou reis koop nie!

Verpak jou skoene in 'n plastieksak of selfs 'n katoensak wat toeryg - dit hou jou skoene apart van jou klere en verhoed vuil merke.

• Onderklere/nagklere/sokkies/kouse

Die meeste tasse het deesdae wile wat dit maklik maak om te sleep, maar wat ook drie gleuwe in die onderkant van jou tas maak - ideaal om jou onderklere, skoene en toiletware in te verpak.

Dit maak ook die oppervlak van die tas dan gelyk om die volgende laag op te pak.

Rol sokkies/kouse op en stop dit binne-in jou skoene - dit bespaar plek en help jou skoene om hul

vorm te behou.

• Toiletware

Afhangende van jou bestemming en verblyf en jou verhouding met jou vriende of familie as jy gaan kuier, kan mens met redelik min toiletware klaar-kom.

Handdoeke en haardroërs is onnodig indien jy by familie gaan kuier of in 'n hotel gaan bly.

MAAR, maak seker jy reël dit vooraf en vat ekstra handdoeke vir die strand saam as jy see toe gaan. Jy wil darem sorg dat jy weer genooi word!

Verpak sjampoe in kleiner houers - hulle laat deesdae mos in elk geval op 'n vliegtuig net die minimum toe.

Gebruik ZipLock-sakkies om enige botteltjies met room of sjampoe of selfs grimering in te verseël, want met die lugdruk in 'n vliegtuig of die rondgooi van die tasse kan proppies baie maklik afspring en jy wil nie jou klere vol sjampoe hê nie!

• Langbroeke/kortbroeke/rompe/rokke/jeans

Die goue reël is dat jou broek/rok se soom se kleur moet pas by jou skoene. Dit klink outyds, maar dit werk as mens jou skoene neutrale kleure hou en dan jou langbroeke byvoorbeeld ook 'n donker kleur soos bruin/blou/swart hou. Dit is nie so opvallend nie en jy kan meng en pas met 'n bloes/hemp en plek spaar.

Moenie met jeans reis tensy dit werklik gemaklik en sag is nie - mens se liggaam swel as jy lank in een posisie moet sit.

Pak langbroeke in deur dit op te rol of deur dit met die dikste kant in die tas te laat lê (voete buite-toe) en alternatief links en regs te pak en uiteindelik bo-oor mekaar te vou.

Bloese/rokke word op dieselfde manier gevou - kyk op hierdie skakel vir 'n diagram wat dit mooi verduidelik:

Diagram vir vou van hemde en broeke

• Baadjies/polar fleece tops/bloese/hemde

Sorg dat jy een netjiese hemp/bloes het en verder 'n paar wat opgerol of opgevou kan word en nie te veel kreukel nie. Hou kleure neutraal, sodat jy kan meng en pas. Geniet verder jou vakansie!

Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:

082 453 8421

Epos:

Duimelita@gmail.com

Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnommer:

071 6488 656

Epos:

basson.geldenhuys@dpw.gov.za

Bediening vir Diens

Peet Dorfling

Telefoonnommer:

084 464 7102

Epos:

peetd@productivitysa.co.za

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

**Die Koffiepot
vir Volume 1-3 van
Ouers in Harmonie en
nou Gesinne in Harmonie!**

Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos:

mootcare@vodamail.co.za